23 Augustus 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

## BELEEF BEHOORT BEDIEN




" As die Gees jou denke oorheers,
beteken dit vir jou
ware lewe en vrede.'"
Romans 8:6

# EREDIENSTE

**VANDAG**

**Deuroffers:** Sinodaal Mosambiek
Ds Anton
*Nie meer ek nie, maar die Gees in my.*
Romeine 8:1-17
**08:30 Kontemporêre Diens**
Bababedieninge, Kinderkerke, Space

**10:15 Klassieke Diens**

**10:30 Belydenisklas**

Op Sondag 6 Sep is daar net een oggenddiens om 08:30.

## PROGRAM

| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>09:30 Silwerjare Komitee | 05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms<br>19:00 Huwelikskursus | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone,*
*70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**Augustus**
**23**: Joachim Engelbrecht, Jan Zeeman
**25:** Tienie Langenhoven, Flos van Niekerk, Gertruida Vermeulen
**26:** Kitty Terblanche, Hennie van der Westhuizen
**27:** Nellie de Kock, Hannelie du Plessis (70jr), Marie van Dyk

"...julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak ..."
Rom 8:15

SnapScan
Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## MEELEWING

Tannie Marike Grewe is die afgelope week oorlede. Ons harte is seer saam met Winnie, Maritsa, Marlise en al die ander familie. Mag Jesus vir julle almal vertroosting bring.

Tannie Irene Niewoudt is ook die week oorlede. Sy het baie onlangs na George verhuis en ons treur saam met haar kinders en ander familie.

## SILWERJARE LENTETEE

Lede word herinner aan die Lentetee op Dinsdag 8 September om 10:00.

Tema vir kleredrag: *Funky* Oupa en Ouma!



## SKENK ASB KLEIN DOUGHNUTS

Ons wil graag op Sondagaand 6 September by die *Praise&Worship* aand klein doughnuts gratis saam met die koffie uitdeel. (Soos bv die wat Spar verkoop.)

Ons vra asseblief doughnut-donasies!
Bring die oggend saam kerk toe.
Navrae: Carol by 082 623 1849.

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

2026
PREDIKANTE
**SAAMKOMS**

24 - 28 Augustus

Ds Anton woon in die komende week 'n predikante saamkoms by Goudini by. Dit word aangebied deur die Algemene Sinode vir predikante vanoor die hele Suid-Afrika. Bid dat hy verfris sal word na liggaam, siel en gees.

Uit die verkaring van die sinode: "*'n Leraar wat geestelik verkwik, emosioneel versterk en prakties toegerus is, is beter in staat om met ywer, insig en volharding diensbaar te wees aan sy of haar gemeente en gemeenskap*." (https://kerkbode.christians.co.za/wp-content/uploads/sites/2/2026/08/Mediaboodskap_Augustus-2026.pdf)

Ons wou natuurlik baie graag hê dat Past Adam dieselfde samekoms sou kon bywoon en het so 'n versoek gerig. Vanweë die beperking op getalle (700), is dit ongelukkig nie oopgestel vir Jeugwerkers nie. Bid asb ook vir hom wat die fort hier moet hou.

*"Die saamkoms het rus, bemoediging, toerusting en groei ten doel. Dit bied aan leraars die geleentheid om in die Woord te verdiep, rondom die Woord nuwe perspektiewe te ontdek, van mekaar te leer en die netwerke en verhoudings te versterk wat hulle in hul roeping en bediening ondersteun. Die doel is nie bloot om leraars vir 'n week uit hul gewone werksritme te haal nie, maar om hulle te help om met nuwe energie, inspirasie en moed na hul gemeentes en gemeenskappe terug te keer ('care for the carers')."*

## DEUROFFERS - MOSAMBIEK (Sinodaal)

Die Sinode van Wes-Kaapland is al vir baie jare betrokke by die bediening van die evangelie in verskeie lande in Afrika, o.a. Mosambiek.

In Mosambiek het sendingwerk gelei tot die vestiging van die *Igreja Reformada em Moçambique* (Gereformeerde Kerk in Mosambiek). Die NG Kerk se betrokkenheid fokus vandag op ondersteuning deur vennootskappe, praktiese hulp aan die sinode, ondersteuning ten opsigte van mobiele klinieke en reaksie op noodsituasies.






**Kerkeiers by 'n konferensie die afgelope week in Milange, Mosambiek.**

# WIE KAN HELP?


*Die voorbereiding vir die omskepping van die "Container"*
*in n Racham-vertrek, vorder!*

## HEIDE-BOETIEK WENSLYS !!!

- "Roller Door" tipe motorhuis deur 2.35 m of kleiner in breedte
- Aluminum Skuifdeur
- Veiligheidshek vir Skuifdeur
- ~~Gelamineerde vloere~~
- ~~Buisligte /Led ligte~~
- Dak Ventilasie "twirlies"
- Hande / hulp met afskuur en verf
- Tegniese hulp met bv installasie van ligte, skuifdeur, vloere ens
- Alle tipes Skuurpapier sal ook welkom wees.



WHATSAPP THEA OP 082 435 2222






JiA benodig 'n fiets vir 'n volwassene om mee werk toe en terug te ry.
Kontak Elmari by 082 864 4233.



Gratis verblyf (met wi-fi) dringend benodig vir 'n volwasse man vir 'n paar maande.
Werk vir homself in makelaarsbedryf.
Het 'n finansiële terugslag gehad. Kontak Ds Anton by 083 504 2613.

Magical Platteland!

SA 7 NOV 08:00 - 13:30

# HEIDEKOPPIE

# somer kosfees

Soos verlede week genoem, gaan ons elke week spesifieke bestanddele vra - dra by soos en wanneer jy kan. Merk asb KOSFEES.

**BESTANDDELE**

Pakkies jellie: 400
Pakkies kitspoeding: 200
Koekmeel (2.5 kg): 30
Olie (2l bottels): 15
Suiker (2.5 kg): 9
Blikkies kondensmelk: 14

**SAMEROEPERS VIR DIE VOLGENDE WORD BENODIG:**

- Voorskool speletjies
- Laerskool speletjies

(Daar is reeds baie oulike speletjies beskikbaar.)

- Hoërskool speletjies

HEIDEKOPPIE
www.heidekoppie.com
021 981 2680 I ontvangs@heidekoppie.com
H.v. Proteaweg en Stasieweg, Proteahoogte


# GETUIENISNAWEEK 4-6 SEP







**MEDALJES**: Indien jy enige medaljes het wat by die huis rondlê en waarvan jy ontslae wil raak; skenk dit aan ons. Ons wil graag medaljes gee vir soveel as moontlik kinders wat aan die Glow Run deelneem. Dit hoef nie atletiek medaljes te wees nie.



# GETUIENISNAWEEK 4–6 SEP



Sondagoggend 6 September besoek
Yolandé Korkie van Crisis Response Network ons.

Yolande-hulle is o.a. betrokke by gelowiges in Kiev in Ukraïne.
Die gebedsversoeke hieronder is vroeër die week ontvang (verkort).

Groete liewe vriende

Die afgelope maand was Kiëf onder voortdurende bombardering; elke 2–3 dae het ons ontploffings gehoor en brande gesien. Die hoofteikens was industriële pakhuise en besighede, maar daar was ook baie aanvalle op woongebiede - ongelukkig is baie onskuldige mense dood en beseer.

Vanaf vandag het baie produkte van winkelrakke verdwyn—waarskynlik vernietig in pakhuisbrande—maar vir eers is basiese voedselitems nog beskikbaar om te koop.

’n Week gelede het ons kos uitgedeel in die buurt waar ons gemeente bymekaarkom. Ons het 50 mense verwag, maar meer as 100 het opgedaag. Gevolglik het ons nie genoeg kos vir almal gehad nie, en sowat 30 mense het met leë hande huis toe gegaan. Die behoefte groei. Soos wat mense hoor dat ons help, begin hulle ons dienste bywoon—miskien sal die Here op hierdie manier hul harte aanraak.

Verlede Woensdag is twee vroue gedoop—albei is ontheemdes. As dit nie vir die oorlog was nie, sou hulle nooit hul weg na ons gemeente gevind het nie. Die Here gebruik alles ten goede.

Ons begin voorberei vir die winter; hierdie keer wil ons vooruit gereed wees. Verlede jaar het ons ’n ernstige kragonderbreking beleef. Vanjaar het die regering ons gewaarsku om vir die ergste voor te berei; die meeste hitte- en elektrisiteitsvoorsienings is nog nie herstel nie en boonop sal daar nuwe bombardemente wees. (Kiëf se gemiddelde maksimum temp in die Winter is 0°C/-1°C.) Ons sal addisionele kragbronne (generators, kragstasies en batterye) moet aankoop, sowel as verhittingsbronne, kos, draagbare stofies, ensovoorts.

*Ons het drie gebedsversoeke:*
Vir hernude krag—ons is baie moeg.
Vir goeie helpers in die bediening.
Vir hulpbronne—ons uitgawes styg, maar ons finansies neem nie toe nie; ons het ’n groot behoefte aan finansiële hulpbronne. Die Here het geen tekort nie; deur ons gebede sal Hy in al ons behoeftes voorsien.







# ALLERLEI



## VROUE IN DIE BYBEL

Hanna se verhaal begin met ’n diep verlange en hartseer wat so baie vroue vandag ervaar. Sy was kinderloos en in trane voor die Here. Sy het haar pyn in geloof omgesit en ’n gelofte gemaak dat sy haar kind aan God sou toewy.

Die Here het haar gebed verhoor en Samuel, die profeet, is gebore.

Hanna se lewe herinner ons dat God ons trane sien en ons gebede hoor. Haar geloof en volharding wys dat selfs in tye van wag en swaarkry, die Here getrou bly. Vir elke vrou wat voel dat haar stem stil is of haar hoop verflou, is Hanna se getuienis n ligpunt: jou gebed het krag, jou geloof het waarde, en jou verhaal kan ’n seën vir jou nageslag wees.







Gun jouself ’n kans om asem te haal, stadiger te beweeg en weer te luister. Die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington bied op 11-12 September ’n 24-uur Resoneer-retreat aan met Pilates onder leiding van geregistreerde fisioterapeut Karmia Stander, met ‘n fokus op fascia en asemhaling, asook klankmeditasie saam met opgeleide fasiliteerder Siegfried Louw. Die retreat duur van 17:00 tot 17:00 en kos R1 200, met etes en verblyf ingesluit. Vir navrae en besprekings kontak admin@andrewmurraysentrum.co.za.